## 25 Oktober - STER/RE

**Skrifgedeelte: Openbaring 1:7-20**
**Fokusgedeelte: Openbaring 1:16 (en 20)**

Dikwels is die sterre die enigste lig in 'n donker nag. As dit bewolk is, mag een ster die enigste ligpunt wees wanneer jy opkyk. Waar die Here as die Opgestane in al sy koninklike heerlikheid aan Johannes verskyn en met sy kerk in die duistere wêreld praat, gebruik Hy sterre as een van die beelde.

Die Woord sê verskeie kere dat die wêreld in duisternis verkeer. Hierdie boosheid en die verleidings wat die duiwel stuur, het waarlik die gemeentes aan wie die Here hier skryf, se omstandighede duister gemaak.

Johannes sien Hom tussen sewe goue staanlampe/kandelaars. Dit, sê Hy, is die sewe gemeentes – sewe, die volheidsgetal: in die sewe gemeentes is sy hele kerk van alle tye ingesluit, en sien jy jouself en jou gemeente. En: die Here is hier, tussen sy gemeentes!

Hy hou in sy hand sewe sterre, dit is die leraars van die gemeentes. Natuurlik is leraars ook swakke mense, maar die Here gebruik hulle as instrumente om in sy Woord na sy gemeente, na jou toe te kom. Sy Woord is soos 'n tweesnydende swaard: dit veroordeel die duisternis, maar stel jou in sy lig. God is lig, en Hy bring sy lig na jou toe in sy Woord.

Jou lewe mag soms donker wees, onweerswolke dig saampak. Soms mag dit voel asof jy tevergeefs soek na 'n bietjie lig waarin jy uitkoms kan sien. Soek ons nie dalk verkeerd nie? Die Here laat jou nooit alleen nie. In hierdie duister wêreld gaan Hy tussen sy gemeentes rond – is Hy by elkeen. Hy hou vas met sy Woord. Sy Woord is waarlik soos 'n helder ster in 'n donker nag!

Die wolke mag dalk nie wegtrek nie, maar die lewe kan nooit die Woord van God uitdoof nie. Niks kan syne van Hom vervreem nie, niks kan die Lig waarmee Hy na jou toe kom verduister nie – Hy skyn waarlik soos die son wat op sy helderste skyn.

Terwyl Hy jou met sy Woord vashou, verseker Hy jou van oorwinning en heerlikheid saam met jou.

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2* *Ds J Malan (Burgersdorp)*